

13

DIE STORM OP DIE SEE **Ek vertrou altyd op die Here**

AIGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet en glo dat hulle altyd op die Here kan vertrou.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- Jesus het die storm laat bedaar.
- die Here kan en wil ons altyd help.
- die Here help ons op sy tyd en sy manier.

Gesindheid

Die kinders moet dankbaar wees dat die Here hulle sal help.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees –

- om moeilike omstandighede op te noem waarmee die Here hulle al gehelp het.
- om te vertel wat hulle in die toekoms onder moeilike omstandighede sal doen.

MEER INLIGTING (Matteus 8: 23-27; Markus 4: 35-41)

Een middag laat het Jesus saam met sy dissipels in 'n skuit na die oorkant van die see van Galilea gevaar. Die see van Galilea was eintlik 'n groot meer van ongeveer 18 kilometer lank en 9 kilometer breed. Omdat dit so groot was, het hulle dit ook 'n see genoem. Dikwels was daar geweldige storms op die meer.

Terwyl Jesus en sy dissipels op die meer was, het daar so 'n storm losgebars. Die golwe was verskriklik groot en het oor die skuit geslaan. Die dissipels was baie bang. Hulle het seker water uitgeskep en alles gedoen wat hulle kon. En toe het hulle seker gewonder, waar is Jesus?

Terwyl die storm aan die gang was, was Jesus vas aan die slaap agter op die boot. Hulle was dalk nog kwaad ook, want hulle moes alles doen en Jesus lê en slaap! Die benoude dissipels het Jesus gaan wakker maak. Jesus het met die wind gepraat en dit het opgehou waai. Die dissipels kon seker hul oë nie glo nie, want, het hulle gesê, *watter soort mens is hy dat selfs die wind en die see hom gehoorsaam?* Hulle het nog nie geweet dat Jesus ook God is nie.

Die see en die wind het na Jesus geluister. Hy is God, Hy is almagtig en kan alles doen wat Hy wil. Ons leer in hierdie gedeelte dat Jesus mag het oor alles, dat Hy ons selfs in die bangste en moeilikste tye kan en wil help. Die mense van daardie tyd het die see gesien as die plek waar alles wat sleg is, uitbroei. As Jesus dan die see kan stilmaak en mag daarvoor het, was die dissipels baie bly. Nou het hulle geweet Hy sal hulle kan help as slegte dinge in hul lewe gebeur.

Ons kan ook altyd vir Jesus vra om ons te help. Ons kan glo dat Jesus ons altyd wil en sal help.

AANBIEDING

Jy het nodig

- 'n Kaart om aan te toon waar die see van Galilea was.
- Twee kaartjies met stomstreke-opdragte:
 - *Hang wasgoed op die draad.*
 - *Doen inkopies en betaal.*(Sien IETS OM TE DOEN hieronder.)

KOM ONS BEGIN

- Sing Psalm 146: 1 of lees dit voor.

*Prys die Here, loof en prys Hom.
Ek wil God se lof besing.
Hy is magtig; loof en prys Hom.
Ek wil God my loflied bring
en so lank ek leef Hom eer.
Loof die groot en troue Heer.*

- Open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?

- Laat 'n paar kinders wys hoe hulle hul prentjies ingekleur het.
- Kontroleer of hul oumas en oupas genooi is om volgende keer klas toe te kom.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Wys op die kaart in die kinders se boeke waar die gebeure afgespeel het waar Jesus die storm stilgemaak het. Lê klem daarop dat dit 'n regte plek op aarde is en dat dit waarvan ons lees regtig gebeur het.

IETS INTERESSANT

Gebruik nou MEER INLIGTING en vertel wat daardie dag op die see van Galilea gebeur het.

IETS BELANGRIK

Skerp die feite en waarhede weer by die kinders in:

- Die gebeure waar Jesus die storm stil gemaak het, word 'n wonderwerk genoem.
- Deur hierdie wonderwerk leer ons dat God mag het oor alles.
- Die belangrikste is dat God mag het om alles wat sleg is, te verander.
- Hy help ons as slegte dinge ons oorval het.
- Jy kan altyd op God vertrou.
- Ons lees dit ook in Spreuke 3: 5a in die Bybel: *Vertrou volkome op die Here...*

IETS OM TE DOEN

- Laat hulle hul Bybels oopmaak by Matteus 8: 23-27.
- Lees die vrae een vir een.
- Laat hulle in hul Bybels soek en hul hande opsteek sodra hulle 'n vraag kan beantwoord:
 - Wat is 'n ander woord in vers 23 vir 'n bootjie? (*Skuit.*)
 - Wat het Jesus gedoen terwyl die golwe oor die skuit slaan? (*Jesus het geslaap.*)
 - Wie is die *hulle* in vers 25? (*Jesus se dissipels.*)
 - Waaroor het die mense hulle verwonder? (*Jesus se mag is oneindig groot. Selfs die wind en die see is gehoorsaam aan Hom.*)
- Speel nou 'n stomstrekspelletjie. Julle mag nie praat of geluide maak nie. Dit wat julle wil "sê", moet julle met gebaretaal wys.
- Die kategeet self begin:
 - Maak asof jy visvang – laat hulle raai wat jy doen.
 - Lees uit die Bybel – laat hulle raai wat jy doen.
- Gee nou vir twee kinders die kaartjie wat jy gemaak het. Hulle moenie vir die res van die klas wys wat daarop staan nie. Hulle moet dit wat op die kaartjie staan met gebaretaal uitbeeld, en die klas moet raai wat hulle doen.
 - *Hang wasgoed op die draad* – die res van die klas raai wat hulle doen.
 - *Doen inkopies en betaal* – die res van die klas raai weer.
- Nou beeld die kategeet donderweer en 'n storm uit – die kinders moet raai wat jy uitbeeld.
- Lees weer Matteus 8: 23-27 terwyl hulle volg in hul Bybels.
- Laat hulle –
 - sê wat hulle dink die boodskap van die gedeelte is: *Vertrou volkome op die Here.* ("Volkome" beteken heeltemal, altyd.)

- o in 'n sin skryf hoe hulle voel as daar 'n swaar storm is, met ander woorde, as slegte dinge met hulle gebeur.

.....

.....

- Beklemtoon weer dat die Here ook tydens moeilike dinge by ons is.
- Laat hulle almal die woorde van Spreuke 3: 5a 'n paar keer saam sê: *Vertrou volkome op die Here....*

BY DIE HUIS

- Hulle moet hul ouers vra om die gebeure op die see van Galilea vir hulle uit Markus 4: 35-41 te lees.
- Hulle moet die sinne voltooi deur die volgende woorde te gebruik, en dan die feite leer: *die storm-op-die-see-gebeure, bang, Jesus, dissipels, vertrou, goeie, bedaar, slegte.*
 - o Met (*die storm-op-die-see-gebeure*) het Jesus gewys dat Hy mag oor alles het.
 - o Jesus en sy (*dissipels*) was op 'n skuit toe die storm losgebars het.
 - o Hulle was baie (*bang*) en het na (*Jesus*) geroep om hulle te red.
 - o Jesus het die storm beveel om te (*bedaar*).
 - o Ek (*vertrou*) altyd op Jesus in (*goeie*) tye en in (*slegte*) tye.
- Hulle kan langs die kaart van Palestina 'n skuit met mense daarop teken en alles inkleur.
- Hulle moet Spreuke 3: 5 leer: *Vertrou volkome op die Here...*

AFSLUITING

Sluit af met gebed en sê dankie dat die Here ons oppas in goeie en slegte tye.

Belangrik:

Herinner hulle weer om hul oumas en opas te nooi om vir Les 14 saam te kom klas toe. Bevestig die datum.

